Kix-pirasie

Gebruik dit of verloor dit ("Use it or lose it")

'n Paar jaar gelede het ek "Crazy clay" gekoop en saam met my kinders allerhande goedjies gevorm en vir ons kerkbasaar gemaak. Ons het spaarsamig daarmee gewerk omdat dit nogal duur was. Daarna het ons die klei in plastiek-bakkies dig verseël en weggepak om later weer te gebruik. Toe ons die afgelope vakansie die klei uithaal, ontdek ons dat amper al die klei onbruikbaar is. Wat 'n teleurstelling!! Al het ons dit dig probeer seël, het daar tog op een of ander manier lug ingekom wat die klei laat verhard het.

Ek het op 'n tyd 'n ou selfoon se battery volgelaai en hom toe in 'n laai gebêre het. Na 'n paar jaar het ek hom uitgehaal om weer te gebruik, maar daar werk hy toe nie. Sy battery was pap en wou nie meer laai nie. Hy was reg toe ek hom gebêre het, maar nou is hy stukkend.

Ons het ook een van daardie groen stofsuiers waarmee jy matte en matrasse kan was. Ons het dit vir 'n paar maande nie gebruik nie en toe ons dit weer nodig kry, werk die pomp, wat die skoonmaakmiddels moet voorsien, nie meer nie. Vasgeroes... omdat dit nie gebruik is nie. Ons het ook al die ondervinding gehad dat 'n motor of motorfiets, wat vir 'n baie lang tydperk gestaan het, net daar staan en breek het.

Julle sien die prentjie, nè?! Goed, veral goed met bewegende dele, wat vir 'n lang tyd nie gebruik word nie, raak onbruikbaar. Mens kan dink jy hou dit in die kas vir eendag en as jy eendag daarvan onthou of dit skielik nodig kry, is dit nie meer reg nie.

Gee geleentheid vir almal om nog voorbeelde te noem.

Maar 'n mens is ook so, sê Jesus. Kom ons lees Mat 25:14-30.

In hierdie gelykenis praat Jesus spesifiek van 'n mens se praktiese lewe as gelowige, maar ons voel dit selfs aan ons liggame. As jy jou elmboog breek en hom vir weke lank in 'n "sling" moet dra, kan jy nie jou arm reguit maak wanneer die gips afkom en die "sling" losgemaak word nie. Dit kos weke se oefening om die spiere wat verkort het, weer soepel en bruikbaar te kry. Netso gebeur dit dat iemand wat vir maande in 'n bed moes lê se bene te swak geraak het om sy liggaamsgewig te dra. Hy kan skaars loop en moet baie hard oefen om weer reg te kom.

Op geestelike vlak, met 'n mens se Christenskap, is dit presies so. Dit moet geoefen word. Dit moet gebruik word, anders raak dit soos 'n ongebruikte stuk gereedskap wat iewers lê en oproes. Alles is daar wat daar moet wees en alles lyk normaal, maar hy funksioneer nie en is eintlik vir jou nutteloos en moet in baie gevalle weggooi of ten duurste herstel word.

Deel met mekaar hoe ons in diens van die Here diensbaar moet wees sodat ons gawes nie "oproes" nie.

Gee geleentheid om stil te raak en elkeen by die Here te hoor op watter manier Hy jou wil gebruik.